


# Perspektief | Perspective

Nuusbrief Newsletter

28/03/2013 WEEK 13 - 2013 KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE CLICK HERE FOR THE ENGLISH VERSION


***In hierdie uitgawe...***


- **Lug jou mening oor tydskrif**
- **Tweede somergewas-produksieskatting vrygestel**
- **LNR-KGI se 2013 Produksiehandleiding nou te kry**
- **Brandstofpryse vir April 2013**


## Lug jou mening oor tydskrif

***Estie Steyn (assistentredakteur: SA Graan/Grain)***

»"Om te meet; is om te weet" en juis daarom is SA Graan/Grain, Graan SA se amptelike tydskrif, tans besig met lesersnavorsing.

Die redaksie wil graag ons lesers se stem hoor en wil weet hoe ons lesersprofiel lyk; waarvan julle in die tydskrif hou; waaroor julle meer sal wil lees en watter nuwe voorstelle julle het.

The Survey Workshop sal lede kontak om 'n telefoniese onderhoud te doen. Dit sal ongeveer drie minute lank duur om die vraelys te voltooi en ons vra asseblief julle samewerking in die verband.

Slegs as ons weet wat julle wil lees; kan ons daaraan gehoor gee.


**Terug na bo**


## Tweede somergewas-produksieskatting vrygestel

***Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

» Die impak van hoë temperature en 'n gebrek aan opvolgreën kan gesien word in die Nasionale Oesskattingskomitee se afname in die verwagte somergewasproduksiesyfers.

Dis veral die Vrystaat en Noordwes Provinsie, wat saam meer as die helfte van die land se mielies produseer, wat die swaarste deur die heersende droogtetoestande getref word. Die huidige droogtetoestande is erger as verlede jaar, aangesien nog geen goeie reën hierdie seisoen in die provinsies voorgekom het nie en graangewasse in swak ondergrondse vogtoestande aangeplant is.

Die grootte van die verwagte mielie-oes is op 11 752 miljoen ton beraam, wat 602 750 ton laer as die vorige skatting van 12 354 miljoen ton is. Ten spyte van hierdie afname, is die skatting egter nog hoër as wat die mark verwag het, maar 'n afname van 602 750 ton in 'n kwessie van een maand, beklemtoon die groot impak van die droogte. Die grootste afname het by die produksieskatting van witmielies voorgekom; dit behels 'n daling van 442 900 ton vanaf die eerste tot die tweede produksieskatting. As gevolg van die droë weerstoestande in die Vrystaat en Noordwes Provinsie en die nadelige uitwerking daarvan op opbrengste, is dit moontlik dat opbrengste selfs nog laer kan wees. Die mielie-oeste het in die grootste dele van die Vrystaat en Noordwes Provinsie permanente skade opgedoen en die positiewe impak van reën is amper weglaatbaar.

Dis nie net mielies wat deur die droogte getref is nie, maar afnames in al die ander somergewasse word ook waargeneem. Die produksieskatting vir sonneblomsaad is 554 500 ton, wat 69 710 ton minder is as die vorige skatting, terwyl die produksieskatting van sojabone 851 000 ton is - 63 350 ton laer as die vorige skatting. Die produksieskatting vir grondbone en sorghum is ook weens die droogte afgebring en staan tans op onderskeidelik 57 900 ton en 168 114 ton.


**Terug na bo**


## LNR-KGI se 2013 Produksiehandleiding nou te kry

***Elri Burger (skakelbeampte: LNR-Kleingraaninstituut, Bethlehem)***

» Die LNR-Kleingraaninstituut (LNR-KGI) publiseer jaarliks 'n kompakte handleiding wat die jongste inligting en resultate ten opsigte van kultivarprestasie, onkruid-, siekte- en insekbeheer asook ander algemene bestuurspraktyke met betrekking tot suksesvolle kleingraanverbouing bevat.

'n Komitee bestaande uit kundiges van die LNR-KGI, die Universiteite van die Vrystaat en Stellenbosch, SANSOR, SAB Maltings (Pty) Ltd, die onderskeie departemente van Landbou, saadmaatskappye en ander belangrike rolspelers, het gedurende Februarie vergader om navorsingsresultate te evalueer en aanbevelings op grond van wetenskaplike resultate te maak.

Die handleidings is tans in die proses om aan ongeveer 8 000 produsente landswyd gepos te word. Dit sal ook in CD-formaat beskikbaar wees - sou jy dus verkies om die boekie eerder elektronies te gebruik, kontak ons asseblief. Indien die LNR-KGI nie jou naam en posadres het nie, kan Elri Burger by (058) 307 3507, of Eveline Mofokeng by (058) 307 3400, gekontak word.

**Terug na bo**

## Brandstofpryse vir April 2013

***Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

» Volgens die Sentrale Energiefonds se persverklaring, **STYG** die petrolprys met 12 sent per liter en die dieselprys met 9 sent per liter op 3 April 2013.

Berekeninge van die Sentrale Energiefonds dui op 'n oorverhaling in brandstofpryse. Dit beteken dat indien geen heffings gedurende Aprilmaand voorgekom het nie, dalings verwag sou kon word. Die heffings wat in April 2013 in werking tree, is die brandstofbelasting en die Padongeluksfondsheffing. Die belasting op diesel gaan met 15 sent per liter en die Padongeluksfondsheffing met 8 sent per liter styg. Buiten die reeds genoemde heffings, is die "Slate" heffing ook met 10,96 sent per liter verhoog.

**Netto effek**
Omdat die stygings van die brandstofbelasting en die Padongeluksfondsheffing ook produsente se korting beïnvloed, verhoog die dieselkorting waarvoor produsente kwalifiseer met 14 sent per liter, terwyl die huidige stygings in dieselpryse 9 sent per liter is.

**Terug na bo**

**GRAAN SA • GRAIN SA**
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040
+27 (012) 807-6023 www.grainsa.co.za
+27 (012) 807-3166 info@grainsa.co.za
Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: philip@grainsa.co.za